Wat sal u sê as daar betoog sou word deur een of ander advokaat in hierdie saak dat die bedrag van R30,00 'n belaglike bedrag was wat daar gestel was sonder dat daar enige verwagting was dat dit aanvaarbaar sou wees vir die owerheid? -- (20) Die vraag is nie vir my duidelik nie.

Sê nou 'n advokaat sê vir my aan die einde van hierdie saak dat die R30,00 was 'n belaglike bedrag wat julle geweet het die owerheid sou nooit aanvaar nie, wat sou u antwoord op so 'n argument wees? -- Dit is die rede hoekom die owerhede genader was met hierdie bedrag en die owerhede het nie gesê dat hulle dit nie aanvaar nie. Die owerhede het gesê dinge moet bespreek word, daar moet samesprekings wees en dus het ek verwag dat daar samesprekings uitgevoer gaan word. Ek het dus nie dit goed gedink om dit so te oorweeg wat die antwoord (30) dan/...

dan sou wees indien so 'n vraag gevra word nie.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

ANGELINE KEDIBONE MOGOTSI, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Mevrouw, u was 'n kassiere gewees in 1984? -- Ja, dit is so.

U was tog bewus daarvan dat gedurig gaan die pryse van goed op, dit word duurder? -- Ja, ek was op hoogte daarvan. Ek het dit gesien.

Dan het u tog goed geweet dat as u nou kom met 'n eis dat die huur teruggaan na sewe jaar terug se huur, sal dit (10) nooit gedoen kan word nie? -- Ek het redes gehad hoekom ek dit so verwag het. Ek het nie daaroor besluit of dit nou reg sal kom of nie.

Dit is nie die vraag nie. Die vraag is u het geweet dat hierdie eis kan nooit aan voldoen word nie, dit is 'n onmoontlikheid? -- Nee.

Het u gedink waar gaan die raad die geld kry om nou op te maak vir die verskil in die huur wat nou net verlore gaan? -- As ek mag verduidelik. Ek het nie daaraan gedink nie, maar ek sal dit graag wil verduidelik hoekom ek nie daaraan (20) gedink het nie.

HOF : Ja? -- Die eerste wat ek aan gedink het dat dit nie moontlik nodig sal wees dat die raad nog 'n tekort moet hê aan geld nie is omdat die huurgeld wat ons destyds betaal het, wat nie deur die raad spandeer was op enigiets daar op die huis nie en as daar iets verkeerd gegaan het met die huise dat ons self die uitgawes daarvoor moes betaal het, het ek toe beseft dat dit nie 'n tekort sal veroorsaak nie.

MNR. FICK : Net 'n laaste vraag hieroor. Het dit nie by u opgekóm dat daar nie reparasies gedoen word nie, omdat die (30) geld/...

geld in elk geval te min was om dit te doen nie? -- Nee, ek het nie daaraan gedink nie.

In u komitee van tien van Bophelong het hulle na die eerste vergadering met die komitee van Boipatong of 'n komitee van Sharpeville samesprekings gevoer? -- Nee, ek was nog nie by so 'n vergadering gewees nie.

U sien, die getuienis voor hierdie hof was dat Sharpeville en Boipatong se mense het met dieselfde identiese eis gekom dat die huur moet afgaan na R30,00 toe? -- Dat hulle ook met so iets gekom het? (10)

Ja? -- Al het hulle ook met dit gekom, maar die drie van ons het nog nie bymekaar gekom om dit te bespreek dat dit die bedrag is wat mense moet betaal nie.

Ek stel aan u die getuienis wat u hier gegee het oor die samesprekings met mnr. Louw en wat daar sou plaasgevind het is vals? -- Hoekom sê u so?

Die tien persone wat van Bophelong gekom het by mnr. Louw het hom onder die indruk gebring dat dit is die Bophelong Civic Association wat daar met hom praat? -- U praat van 'n ding wat aan u gesê is. Ek praat van 'n ding waarin ek self (20) betrokke was.

HOF : Ontken u dat mnr. Louw die indruk by julle kon gekry het dat julle die Bophelong Civic Association verteenwoordig? -- Ons het met hom daar gepraat as 'n komitee van tien (committee of ten soos die getuie dit noem) en daar bestaan nie so iets soos Bophelong Civic Association nie.

MNR. FICK : En ek stel dit aan u verder dat u het gekom by mnr. Louw met die eis in Oktober 1984 by 'n vergadering dat u en die mense van Boipatong en die mense van Sharpeville dat die huur moet afkom na R30,00 toe? -- Toe ons met (30)

mnr. Louw/...



mnr. Louw gepraat het, het ons nie aan hom gesê dat die huur af moet kom na R30,00 nie. Ons het aan mnr. Louw gesê dit is die voorstel van die gemeenskap dat die huur R30,00 moet wees.

En ek stel dit aan u mnr. Louw het daar vir julle gesê "Maar die huurverhoging is op 18 September al afgeskaf. Daar is nie meer 'n huurverhoging nie, maar julle moet net die bestaande huur betaal"? -- Wanneer het hy dit gesê, sê u? --

Op die vergadering êrens in Oktober 1984? -- Daar is nie so iets nie. Wat ek wel van weet is dat ons samesprekings(10) met mnr. Louw was nie voltooi nie.

Ek stel dit aan u dat mnr. Louw het op daardie vergadering ook vir julle gesê "Maar hierdie eis van R30,00 is 'n onmoontlike saak. Die raad kan nie sy bedrywighele voortsit as hy net R30,00 per maand huur moet invorder nie"? -- Daar is nie so iets nie. Ek sal dit ook verduidelik hoekom ek so sê. By ons laaste vergadering wat ons gehad het met mnr. Louw was daar besluit gewees dat ons nou by die volle raad sal moet kom en dit met die volle raad bespreek. Met ander woorde sê ek dat daar niks is wat mnr. Louw aan ons gesê (20) het nie.

Is dit nie ook so dat na hierdie onderhandelings wat u mnr. Louw gehad het, is daar deur die raad kennisgewings uitgestuur na al die inwoners, elke inwoner in die gebied en waarin gesê is wat die bestaande huur is wat hulle moet betaal? -- Selfs hy, mnr. Phali, weet nou nog nie wat die bedrag is wat hy veronderstel is om te betaal as hulle nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Verwag u dat dit nog dieselfde sal wees in 1984 as wat dit nou is? -- Soos ek alreeds gesê het, ek het verwag dat ons versoek van hoeveel die huur moet wees(30)

aanvaar/...

aanvaar gaan word.

MNR. FICK : Kry julle nie nog steeds elke maand kennisgewings van die raad, rekenings, wat julle moet betaal en wat geïgnoreer word nie? -- Nee, glad nie. Ek kry dit glad nie.

HOF : U het nie betaal sedert September 1984 nie? -- Nee, ek het nog nie betaal nie.

MNR. FICK : Het u of u komitee al gaan uitvind by mnr. Louw wat is aan die gang? -- Nee, ons het nog nie.

Hoekom nie? -- Ek kan eintlik sê die komitee bestaan nou nie meer nie. Ons was gekies net vir daardie tyd. (10)

Is dit nie so dat u weier om enigsins huur te betaal net omdat die raad nie sy weg oop sien om die huur af te bring na R30,00 n maand nie? -- Nee, ek het nie so besluit nie.

En die ander rede waarom u nie wil betaal nie is u wil nie hê die raad moet funksioneer nie, u wil hê die raad moet tot niet gaan? -- Nee, wat ek van weet is dat ek was gekies om met die raad te gaan praat en die raad het vir my gesê dat hulle my weer laat weet dat ons verder kom praat. Dit is dan nie regverdig vir my om te sê dat ek geweier het (20) om te betaal omdat hulle nie die huur verminder het nie, want hulle het my nog nie gesê dat hulle weier om dit te doen nie.

n Laaste stelling oor die huur. Julle eis dat die huur afgebring moet word, die onmoontlike eis, na R30,00 per maand, het julle gemaak omdat julle geweet het die raad sal nie daaraan toegee nie en dan weet julle julle kan op dié manier die raad onwerkbaar maak? -- Nee, ons het dit nie geweet nie.

Ek gaan met u na die vergadering van 29 Augustus (30)

1984/...

1984. Waar in hierdie saal het u gaan sit? -- n Vierde ry van voor af as ek reg is.

In die middel of aan die kant van die saal of waar? -- In die middel.

Die saal daar waar die gehoor sit, het hy paadjies wat loop van die voorkant na die agterkant toe of het hy geen paadjies nie of hoe werk die ding? -- Ja, daar is twee paadjies.

HOF : Loop dit vanaf die verhoog tot heel agter? -- Ja.

En nou tel u nie die paadjies aan die kante teen die (10) mure nie of is daar nie paadjies nie? -- Dit hang af. Kyk, dit is los stoele waarvan ons praat. Dit hang af hoe die mense die stoele daar geplaas het. Dit kan wees dat hulle die stoele weggeskuif het vanaf die muur. Dit wil sê dit los n spasie daar wat n mens kan gebruik om verby te kom, maar normaalweg is daar net twee paadjies.

Normaalweg is die stoele teenaan die muur geskuif en is daar in die middel van die saak twee paadjies wat af kom? -- Ja.

MNR. FICK : Toe u by hierdie saal aankom, was daar enige (20) polisie? -- Buite het ek die polisie gesien, ja. Dit is met my aankoms, maar hulle was nie baie nie.

En het hulle maar net daar rond gestaan, was hulle op die perseel of buite die perseel of wat het hulle gemaak? -- Nee, daar is mos nie n perseel daar nie. Hulle het net daar by die bome gestaan.

Was daar enige raadslede al by die saal toe u daar kom? -- Ja, daar was.

Was hulle almal buite? -- Toe ek die saal binnegegaan het, was daar van die raadslede op die verhoog en van hulle(30) was/...

was nog buite.

Op watter stadium het dié wat buite was ingekom? -- Hulle het almal binnegekome dié wat ek gesien het voor die gebed begin het. Die enigste persoon wat heen en weer daar beweeg het, was Jan. Dit is nou Mokoena.

Was raadslid Mokoena een van die mense wat buite was of het u hom binne-in die saal gekry toe u inkom? -- Met my binnekoms in die saal vind ek hom in die saal.

Waar was hy binne-in die saal? Op die verhoog? -- Ja, op die verhoog. (10)

Is dit waar jy hom die eerste keer gesien het? -- Ja.

Het hy gesit tussen die ander raadslede? -- Hy het nie gesit nie. Hy het net met hulle daar gepraat.

En toe, wat word toe van hom? -- Hy het 'n rukkie daar vertoef en weer uitgegaan. So het dit aangegaan dat hy 'n rukkie daar uitgegaan het en weer teruggekeer het.

Gedurende die hele verloop van die vergadering? -- Nee, ek het nie veel ag op hom geslaan nie. Ek het hom net gesien voor die vergadering begin het.

Nee, ek verstaan nie wat u nou sê nie. -- Ek bedoel (20) ek het nie die hele tyd gekyk na wat hy gedoen het nie. Voor die vergadering begin het, het ek wel gesien wat hy doen daar, naamlik dat hy op en af beweeg. Dit is voor die gebed.

En toe die vergadering begin het? Was hy binne of was hy van die mense wat buite was? -- Ek het alreeds vir die hof gesê dat hy in en uit gegaan het. Aan die begin van die vergadering kan ek nie sê waar presies hy was nie.

Hoekom nie? Jy het dan gekyk hy kom in en uit. Dit was vir u snaaks. U getuig eintlik daarvoor? -- Ek het hom gesien soos 'n persoon wat aan my bekend was, maar ek het hom nie (30)

onder/...

onder observasie gehou wat hy doen nie. Ek het net gesien hy is daar.

Het daar gedurende die vergadering mense op en af geklim op die verhoog? -- Sommer gewone mense?

Raadslede? -- Ek het dit nie gesien nie.

U sou dit gesien het as dit gebeur het? -- Indien ek opgelet het dat hulle dit doen, sou ek.

U het vir die hof gesê dat u het 'n vuurwapen gesien by raadslid Mokoena? -- Ek het dit gesien.

Wat se wapen was dit? -- Ek het nie 'n goeie kennis (10) van wapens, vuurwapens nie, maar al wat ek sê is dit was 'n vuurwapen.

U sê u het dit aan sy regterkant gesien. Waar was die vuurwapen gewees? Hoe was hy hier in sy regterkant? -- Aan sy heup aan die kant.

Aan sy lyf? -- Ja, hier soos ek aandui meer na die heup toe.

HOF : In die sy bokant die heup.

MNR. FICK : Het hy hom in die gordel ingedruk gehad, het hy hom in 'n skede gehad, 'n "holster" of waarin het hy hom(20) gehou? -- Die persoon het 'n baadjie aangehad en vanwaar die wapen sigbaar was, dit is die punt wat ek gesien het, was die wapen gewees en nie iets waarin dit gesteek was nie.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry. Was die wapen in iets of was die wapen oop en bloot heeltemal? -- Ek sê hy het 'n baadjie aangehad. Ek kon gesien het dat dit 'n vorm van 'n vuurwapen was onder die baadjie, maar die heel onderste punt van die vuurwapen wat uitgesteek het, kon ek nog sien dat dit wel 'n vuurwapen was.

Bedoel u steek uit onder die baadjie uit? -- Ja. (30)

As/...

As ek van h baadjie praat praat ek nie van h normale baadjie soos u h baadjie ken nie, maar dit was iets in die vorm van h baadjie wat mense dikwels gebruik vir die winter. Dit is soortgelyk aan h bosbaadjie met die wollerige voering aan die binnekant.

Soos h "lumberjacket"? -- Nee, nee, dit is nie h "lumber-jacket" nie, maar dit is h gewone baadjie korter as h normale baadjie met die wol aan die binnekant.

Het u dus net die punt van die vuurwapen gesien onder die ding uitsteek en verder was die ding bedek deur die baadjie?(10)  
-- Ja.

MNR. FICK : Was raadslid Mokoena die enigste raadslid wat h vuurwapen gehad het? -- Ek het net hom gesien.

Was dit al wat vir u buitengewoon was, naamlik - ten opsigte van raadslid Mokoena - die feit dat hy h vuurwapen gehad het? -- Ek het net die vuurwapen gesien en niks anders nie.

Was daardie vuurwapen ooit gebruik of uitgehaal onder die baadjie? -- Nee, ek het hom nie gesien dit gebruik nie. Hy het dit nie gebruik nie. (20)

As iemand in hierdie hof beweer het dat raadslid Mokoena het by die vergadering die vuurwapen uitgehaal en op mense gerig, wat sal u daarvan sê? -- Waar? Binne-in die saal?

By die vergadering? -- Ek het dit nie gesien gebeur nie.

En as iemand anders beweer in hierdie hof dat raadslid Mokoena het nooit van daardie verhoog afgeklim nie totdat dit donker geword het in die saal? -- Dan vertel daardie persoon leuens.

En as iemand anders beweer het dat die raadslid (30)

Mokoena/...

Mokoena het op en af op die verhoog heen en weer geloop met die vuurwapen hier in sy sy? --Dit is 'n leuen. Hy het in en uit beweeg.

Toe u na die vergadering toe gegaan het, wat was u gevoel teenoor die raadslede? Was u taamlik kwaad vir hulle? -- Toe ek daarheen gegaan het, was dit met die oog daarop om te gaan hoor wat die mense sê. Nie dat ek soveel kwaad was vir hulle nie, maar dit sou afgehang het van wat ek dan daar gehoor het by hierdie vergadering, dat ek nou moet besluit of ek kwaad is vir hulle of nie. (10)

Ek dink u is nie heeltemal eerlik met die hof nie. Toe daar gevra is wat is die mesne se griewe, toe is u die een wat opstaan en begin praat? -- Ja, dit is heeltemal reg, maar dit is nie omdat ek kwaad was nie. Ek het soontoe gegaan om te gaan hoor wat sê die mense. Hier word ons nou uitgedaag deur die mense om na vore te kom en te sê wat ons probleme is en die rede dat ek daar was en dat ek wel probleme gehad het het my fluks gemaak om op te staan. Dus was ek fluks gewees om vir die mense te sê waarvoor ek daar was.

Het u nie daar op die vergadering gesê maar die raads-(20) lede verhoog die huur, u hardloop rond om uit te vind wat aangaan met die raadslede, daar is 'n groot verwarring oor die verhoogde huur, en hulle doen niks om vir die mense te sê waaroor gaan dit nie? -- Ek het iets in daardie lyn gesê, maar ek sal dit graag wil regstel, want dit is nie direk presies soos u dit nou stel nie.

Hoe het u gesê? -- Ek het gesê in die eerste plek is dit nie 'n kwessie daarvan dat hierdie menere wat hier sit nie daarvan weet dat in die lokasie 'n verwarring is nie. Die volgende ding wat ek gesê het was daar is sekere gelde (30)

wat/...

wat van ons daar geëis is. Ons moes R50,00 betaal het, wat ons nie eers van weet waarvoor dit was nie. Dit het ons deurmekaar gemaak. Die volgende ding wat ek gesê het is, dit is nie lank dat hulle vir ons die R50,00 laat betaal het nie. Nou kry ons kennisgewings dat die huur met R5,90 verhoog word. Toe ek gepraat het van mense wat heen en weer sal moet hardloop om uit te vind, het ek die volgende bedoel. Dat ek nou vir my buurvrou sal gaan vra wat het met jou gebeur? Het hulle van jou ook dieselfde geld geëis of wat is die posisie? Dan sal my buurvrou ook by ander mense kan probeer(10) verneem in die ander straat wat van hulle geword het. Dit is die verwarring waarvan ek gepraat het. Die verwarring was, ek kom by die eerste vrou wat vir my sê kyk, hulle het van my R50,00 gevat en hoeveel het jy betaal? Dan sê ek vir die vrou ek moet gaan betaal vir my twee kinders se permitte. Die derde vrou sê nee, ek moet die R5,90 gaan betaal.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Maar dit sal mos nou nie waar wees as u vir haar sê u moet gaan betaal vir die kinders se permitte nie? -- Nee, dit lyk vir my ons verstaan nie mekaar nie.

Ek sê byvoorbeeld ek gaan na 'n ander persoon toe en sê (20) kyk, hulle het van my R50,00 gevat en dan sê daardie persoon jy praat van R50,00. Dit word van my verwag dat ek twee kinders se permitte moet betaal. Dit sal sê plus die R50,00 wat ek moet gaan betaal. Dit is die op en af beweging waarvan ek praat.

MNR. FICK : Ek stel dit aan u u was baie kwaad vir hierdie raadslede. U het daar vir die gehoor gesê hulle moet nie luister na hierdie mense nie, hulle is 'n klomp skelms? -- Kyk, ek is 'n ouer, 'n moeder van vier kinders wat ek moet opvoed. Ek is 'n persoon wat 'n huis huur. As ek nou na (30)

'n/...



h vergadering sal gaan en vir die gemeenskap sal sê dat hulle nie na die raadslede moet luister nie, maak dit nie sin nie. Na wie wil ek hê moet hulle luister as hulle nie na die raadslede luister nie? Moet hulle na my luister? Sal hulle ooit na my luister?

Na u het h ander dame ook gepraat. Is dit reg? -- Na ek gepraat het, het Ramakgula daarop geantwoord en daar was nie h vroumens wat onmiddellik gepraat het na ek gepraat het nie.

Behalwe u en Ramakgula het enigiemand anders op hierdie (10) vergadering gepraat? Ek praat nie van die klomp mense wat geskreeu het nie. Ek los hulle uit. -- Daar is h manspersoon wat na die verhoog toe was. Op daardie stadium was die vergadering nie meer rustig gewees nie. Om daardie rede sal ek nie weet wat daardie persoon se toespraak was nie.

HOF : Was hy op die verhoog? -- Ja, hy was.

MNR. FICK : Het hy probeer praat? -- Ja, hy wou gepraat het.

Maar hy kon nie? -- Ek het nie gehoor wat die persoon gesê het nie.

HOF : Het dit gelyk of hy praat maar u kon hom nie hoor (20) nie weens die lawaai? -- Ja.

MNR. FICK : Op dit wat u op die vergaderig gesê het omtrent die griewe, wat het Ramakgula te antwoord gehad? -- As ek reg is het ek hier aan die hof verduidelik dat Ramakgula se antwoord daarop was dat hy vir die mense gesê het wat hom genader het om nie te betaal nie.

Is dit al wat Ramakgula gesê het? -- Wat h mens kon hoor, ja. Al wou hy verder gepraat het of iets verder gesê het as dit, maar daar was toe h geraas gewees.

U het vier rye van voor af gesit en so groot was die (30)

lawaai/...

lawaaï, u kon niks gehoor het nie? -- Dit wat ek nou net vir die hof aangehaal het, is wat ek goed gehoor het. Die res het ek nie gehoor nie.

En as iemand anders beweer dat Ramakgula sou nie hierdie gesê het dat die mense wat by hom was hoef nie R50,00 te gaan betaal nie, maar Ramakgula het gesê die mense met probleme kan na sy huis toe kom om te kom uitvind wat aangaan. Wat sê u daarvan? -- Dit is nie so nie. As ek dit verder mag verduidelik hoekom ek dit so sê?

HOF : Ja? -- Ek sê by daardie tydstip het ons nie gepraat (10) van die normale probleme wat 'n mens na kon verwys het as normale probleme nie, maar op daardie huidige oomblik het ons daar gelde bespreek wat van ons deur die kantore geëis was. So, ek kan nie sien van watter probleme hy nog kon gepraat het, behalwe dit nie.

MNR. FICK : U edele, net vir u eie doeleindes. Dit is in volume 63 bladsy 3 324. Daar het my geleerde vriend die stelling gemaak dit is wat Ramakgula sou gesê het. Nou wil ek aan u 'n ander weergawe stel en hoor wat sê u daarvan. Ramakgula sou gesê het op die vergadering, nie dat die (20) mense nie die R50,00 hoef te betaal nie, maar hy het vir dié gesê wat by hom was "Man, julle hoef volgende maand se huur nie te betaal nie"? -- Nee, nee, nee, glad nie. Miskien kon hy dit gesê het by sy huis, nie by hierdie vergadering nie, nie op hierdie dag van die vergadering nie. Dit het hy nie gesê nie.

HOF : Wat is nie gesê nie? Wat is die stelling?

MNR. FICK : Dat Ramakgula sou gesê het vir die mense wat by sy huis gekom het dat hulle hoef nie die volgende maand se huur te betaal as hulle die R50,00 betaal nie. -- Ja, (30)

dit/...

dit kon hy by sy huis gesê het. Nie by hierdie vergadering nie.

Die stelling is hy het by die vergadering gesê, hy het vir die mense by die huis dit gesê? -- Wie dit ook al sê vertel leuens, want Ramakgula het by hierdie vergadering gesê dat die mense wat my genader het by my huis omtrent hierdie geld, het ek aan hulle gesê dat hulle dit nie hoef te betaal nie. Dit is wat hy gesê het.

Hierdie verwysing is volume 345 bladsy 19 708. U sê vir die hof daar het toe na Ramakgula gepraat het, was daar (10) 'n deurmekaarspul in hierdie vergadering. Is dit reg? -- Ja, dit is wat gebeur het.

En ek stel dit aan u dit is die rede hoekom die polisie ingekom het. Hulle het daar buite gestaan, hulle weet nie wat hier aangaan nie, hulle hoor net 'n groot lawaai en toe kom hulle in die saal in? -- Dit is nie korrek nie. Daar was wel 'n geraas gewees, maar toe die mense weer die geraas gelos het en weer normaal begin word het, was toe dat die polisie eers daar gekom het, maar nie tydens die groot geraas nie.

Ek stel dit aan u, u is die eerste getuie wat dit vir (20) die hof vertel. Die ander getuies het nooit vir die hof gesê dit was besig om normaal te word toe die polisie daar kom nie? -- Volgens my herinnering van hierdie vergadering na Ramakgula gepraat het, was daar wel 'n geraas gewees, maar die geraas het toe sagter geword. As gevolg daarvan het die persoon juis op daardie tydstip op die verhoog gegaan om te gaan praat.

U sê vir die hof die ligte het toe afgegaan en dit was pikdonker? -- Ja.

Die saal het vensters wat ook was. Is dit reg? -- (30)

Daar/...

Daar is wel vensters in die saal. Ek weet nie of dit oop was nie.

Die deure, was hulle oop? -- Ja. Die een deur was oop gewees. Ek weet nie van die ander deure nie.

Watter deur? Naby u of waar? -- Dit is die deur waar ek toegang gekry het tot die saal waar ek in die middel gaan sit het.

Het daar nie lig in geskyn toe die ligte afgesit is, van buite af in die saal in nie? Of was dit pik nag donker orals? -- Daar is baie bome in die nabyheid van die(10) kant waar ek die saal binnegegaan het. Al was daar miskien n lig gewees wat aan was buite wat dan lig sou verskaf het in die saal, kon dit miskien deur daardie bome verhoed word, maar wat my betref, ek self kon glad nie sien nie. Vir my was dit pikdonker gewees. Ek kon niks sien nie.

Selfs na jy uitgegaan het was dit nog pikdonker? -- Waar? Buite?

Ja, toe u uitgaan? -- Nee, maar daar buite is mos ligte. Dit was nie so donker nie.

Waar was hierdie ligte buite? -- Die straatligte. (20)

Toe u buite kom, waar was die raadslede? Was hulle nog daar? -- Ek weet nie of hulle daar was nie.

Ek stel dit aan u hulle was nie daar nie, hulle het weggejaag omdat hulle voertuie met klippe gegooi was? Dit is hoekom jy hulle nie gesien het nie? -- As hulle al weggejaag het en hulle was nie meer daar nie, dan sou ek hulle nie gesien het nie, want ek was nie daar gewees om te gaan kyk na die mense wat met klippe aangeval word nie. Ek kon hulle nie gesien het nie.

U het vir die hof gesê u ken vir Johnny Motete. (30)

Van/...

Van waar ken u vir Johnny Motete? -- Hy woon te Bophelong.

Die kwessie van die VCA, wanneer het u vir die eerste keer gehoor van die naam VCA, Vaal Civic Organisation? -- Eers laat, na die 3de en die 29ste het ek gehoor van die VCA.

HOF : Die 3de is 3 September 1984? -- Ja.

MNR. FICK : Maar het u nie al hier van 1983 af, Novembermaand se kant toe die verkiesings van die raadslede aan die gang was pamflette of plakate gesien wat opgesit is by die geboue of aan bome of drade van die VCA nie? -- Waar? In(10) Bophelong?

In Bophelong? -- Nee, dit het ek nie gesien nie.

Ook nie by die bushaltes nie? -- Ek maak nie gebruik van die busse of huurmotors nie. Ek het te voet gestap. So, ek het nie by hierdie plekke gekom waar ek moontlik dit sou gesien het nie.

U moes tog seker een of ander tyd met die bus gery het as u Vereeniging toe gegaan het? -- Ja.

Het u dit nie gesien nie? -- Nee, ek het niks gesien nie.

Bophelong Youth Congress, ken u die naam? -- Nee, ek(20) ken dit nie.

Het u nie met Johnny Motete oor hierdie organisasie gepraat nie? -- Nee.

Die gebeure rondom begin September 1984, sou u kinders skool toe gegaan het 3 September die oggend? -- Ja, dit was mos 'n skooldag gewees.

Maar was dit nie algemeen bekend daar in die woonbuurt dat 3 September gaan daar 'n "stay-away" in die Vaal wees nie? -- Ek het nie daarvan geweet nie. Ek het nie daarvan kennis gehad nie.

(30)

U/...

U kinders het ook nie vooraf vir u gesê die skool is nie oop op 3 September nie? -- Hulle het nie, want ek sou hulle definitief gevra het hoekom nie.

Hier was getuienis in die hof gewees dat 2 September 1984 reeds het daar mense in Bophelong in die straat geloop, groot groepe en gesing "Siyaya Epitoli" en dié tipe van ding. Het u dit nooit gesien nie? -- Op 2 September was daar so baie polisie daar gewees. 'n Mens kan sê hulle was meer as die inwoners van Bophelong.

Antwoord nou net die vraag? -- Nee, daar was nie (10) mense wat geding het waarvan ek bewus is nie.

Was u bewus daarvan dat die aand van 29 Augustus 1984 toe die vergadering gehou was, was raadslid Mngcina se huis aangeval? -- Ja, ek het daarvan bewus geword, maar as ek reg is, was dit dae na hierdie voorval wat ek eers daarvan geweet het.

U was op 3 September 1984 - het u in die strate gestap in Bophelong? -- Ek het nie ver geloop nie. Ek was by bure gewees.

Maar was u nie ook by die plekke wat die vorige aand (20) waar u sê waar die rook en die vlamme die plekke afgebrand het nie? -- As 'n mens daar buite my perseel staan, dan het jy 'n goeie uitsig van die biersaal. Ek het dus daar gaan staan en ek kon sien daar by die biersaal, maar die saal, dit is die gemeenskapsaal kan 'n mens nie sien nie. Dus, ek het nie soontoe gegaan om te sien wat daar gebeur het nie.

Maar ek verstaan u hoofgetuienis dan dat u het gesê u het die volgende dag gaan kyk en toe het u gesien die gemeenskapsaal en die biersaal het afgebrand? -- Nee, ek het nooit gesê dat ek gaan kyk het nie en ek het nie gaan kyk (30)

nie/...

nie.

As u daar by u huis gestaan het en gekyk het na die plekke, het u seker padversperrings gesien in die strate die oggend van 3 September? -- Nee, ek het dit nie gesien nie. Daar was niks naby my nie.

U het vertel van drie geleenthede waar die polisie kinders sou gejaag het. Die derde geleentheid, hoeveel kinders was daarby betrokke of het u dit nie gesien nie? -- Ek het op drie geleenthede gesien dat die polisie die kinders fisies slaan. Op een van hierdie geleenthede, as ek reg is, die (10) tweede geleentheid, was dit twee seuns en 'n dogter wat geslaan was.

Ek het u nou gevra oor die derde geleentheid. Hoeveel kinders was daarby betrokke? -- Ek kan nie onthou nie.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Mev. Mogotsi, u het gesê dat gedurende 1977 tot 1979 het u minder as R100,00 per maand gekry? -- Ja, dit is so.

En jy het ook gesê dat die huur wat jy destyds betaal het was R30,00? -- Min of meer, ja.

Die geld wat u gekry het, was dit genoeg vir u en u gesin? (20)

HOF : Bedoel u destyds?

MNR. BIZOS : Destyds? -- Op daardie tydstip het my man nog geleef en hy het gewerk. Ons was dus in staat gewees om mekaar te help, maar nie dat ons kan sê dat ons wel in staat was om alles te bekostig in die lewe nie.

HOF : Daar is min mense wat alles kan bekostig in die lewe.

MNR. BIZOS : Gedurende 1984 toe u in die omgewing van R350,00 gekry het, was dit genoeg vir u en u familie na u ongeveer R70,00 per maand as huurgeld betaal het? -- Nee, ek kon nie regkom nie. (30)

ASSESSOR/...

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Mev. Mogotsi, die R30,00 huur wat voorgestel is deur die gemeenskap, kan u onthou hoe dit gekom het dat die R30,00 voorgestel is? -- Dit was 'n voorstel van die persone daar teenwoordig. Ek is nie in staat om vir die hof te sê hoe dit gekom het, wat die omstandighede was wat daartoe gelei het dat die mense hierdie soort van 'n voorstel gemaak het nie.

Waar teenwoordig? -- By die vergadering wat by die NG Kerk gehou was.

En wie is die persone? -- Wat die voorstelle gemaak (10) het?

Ja? -- Ek sal nie die name kan sê nie, maar dit was gesê vanuit die gehoor.

Dit is stemme uit die gehoor? -- Ja, ek het die stemme gehoor wat die voorstel maak en die stemme gehoor wat dit eintlik bevestig het.

HOF : Ek wil u iets vra oor die geleentheid waarop die kinders aangerand is deur die polisie. Ek het miskien nie goed geluister nie, maar ek was op 'n stadium onder die indruk dat u sê dat by een van die geleentheid het u nie die aanranding(20) gesien nie, maar u het net die kinders gesien verby kom wat dan vir u gesê het hulle word gejaag deur die polisie? -- Nee, dit is nie een van die drie geleentheid waarvan ek gepraat het nie. Dit was op 'n ander geleentheid gewees. Die drie waarvan ek gepraat het, is dit wat ek persoonlik gesien het fisies en hierdie wat u van praat het ek nie gesien nie. Ek het net daarvan gehoor by die kinders.

GEEN VERDERE VRAE.